# Die Wet lei ons Gewete!

**<u>Lees</u>: Mat 22:34-40** **Donderdag 5 Augustus 2021**

**Die Wet van God of die Tien gebooie is baie belangrik.** Van Wyk (1983:35) gee Calvyn se siening in verband met ons gewete as volg weer: "in 'n sekere sin trek die ganse Heilige Skrif egter in die Tien Gebooie saam. Die ganse Skrif is niks anders as 'n eenvoudige verklaring van die wet nie."

**Moses het die Tien Gebooie** op die berg Horeb gaan haal. Daar het God dit vir hom op twee plat klippe met sy eie vingers geskryf. Die tien gebooie word ook soms die sedewette genoem omdat dit ons sedes, en ons hele lewe bepaal, hoe ons moet lewe. Voor die sondeval was die wet op die mens se hart geskrywe sodat hy spontaan geweet het wat hy moet doen tot eer van God. Maar na die sondeval is sy verstand verduister.

**Na die koms van Jesus Christus** en toe die Heilige Gees uitgstort is het God weer die gebooie op sy kinders se harte geskryf, maar God het ook aan ons die Woord, die Bybel met die tien gebooie gegee om te lees.

**<u>Die hele wet word saamgevat in Mat 22:34-40, wat aan ons openbaar dat ons moet liefhê</u>**.

34 "Toe die Fariseërs hoor dat Jesus die Sadduseërs die mond gesnoer het, het hulle bymekaargekom,

35 en een van hulle, 'n wetgeleerde, het Hom met 'n vraag probeer vastrek.

36 "Meneer," vra hy, "wat is die grootste gebod in die wet?"

37 Jesus antwoord hom: " 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand.

38 Dit is die grootste en die eerste gebod.

39 En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.'

40 In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat."

God is in sy wese liefde. Ons lees in **<u>1 Joh 4:8</u>** "Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde."

**Moet nooit sê** dat die Tien Gebooie is oud modies of nie belangrik of nie meer van toepassing nie. Want om lief te hê is 'n werkwoord, dit is 'n daad. Om God lief te hê vra dat ons Hom aanbid.

Ons moet nie die Tien Gebooie onderhou om op die wyse ons saligheid by God te wil verdien nie, inteendeel, omdat God die saligheid in en deur Jesus Christus uit vrye genade aan sy kinders skenk, moet hulle hulle dankbaarheid daarvoor aan Hom toon deur die gebooie te onderhou. Vir ons as christene is die onderhouding van die wet 'n vreugde en het dit nie 'n **"dwang-karakter"** nie.

Mag daar vir ons almal vreugde in wees om ons gewetens op te skerp om God te dien soos wat Hy in sy tien gebooie van ons vra.

**<u>Bronne</u>**

**<u>de Bruyn, PJ</u>**. 2008 Die tien Gebooie. bl. 5

**<u>Van Wyk JH</u>** 1976 Calvyn oor die Christelike lewe. Pretoria. NG Kerkboekhandel.

*Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com*